

Woordorde

S	v1	T	O	M	P	v2	I
(Subject)	(verb1)	(Time)	(Object)	(Manner)	(Place)	(verb2)	(Infinitive)
Onderwerp	werkw1	Tyd	Voorwerp	Wyse	Plek	werkw2	Infinitief

Vraag 1: *Identifiseer die gedeeltes van elke sin, soos gevra:*

1.1 Johan en sy sussie eet elke oggend spek en eiers vir ontbyt.

Onderwerp (S): _____

Voorwerp (O): _____

Werkwoord (v): _____

1.2 Gisteraand het ons aandete vir die siek buurman geneem.

Onderwerp (S): _____

Werkwoord 1 (v1): _____

Tyd (T): _____

Voorwerp (O): _____

Werkwoord 2 (v2): _____

1.3 Die luiperd bêre sy prooi hoog in die boom om te keer dat ander diere dit steel.

Onderwerp (S): _____

Werkwoord (v): _____

Voorwerp (O): _____

Plek (P): _____

Infinitief (I): _____

1.4 Die seun se hare sal môre deur die haarkapper gesny word.

Onderwerp (S): _____

Werkwoord 1 (v1): _____

Voorwerp (O): _____

Tyd (T): _____

Werkwoord 2 (v2): _____

1.5 Baie mense eet gesond om te verseker dat hulle langer lewe.

Onderwerp (S): _____

Werkwoord (v): _____

Wyse (M): _____

Infinitief (I): _____

Woordorde

Vraag 2: *Antwoord elke vraag volledig en identifiseer dan die gedeelte van die sin.*

Voorbeeld: Ek en my boetie het elke dag die bal geskop om oefening te kry.

<i>Wie het die bal geskop?</i>	<i>Ek en my boetie</i>	<i>Subject</i>
<i>Wat het julle geskop?</i>	<i>die bal</i>	<i>Object</i>
<i>Wat is die aksie?</i>	<i>het geskop</i>	<i>Verb 1 & 2</i>
<i>Wanneer het julle geskop?</i>	<i>elke dag</i>	<i>Time</i>
<i>Waarom het julle die bal geskop?</i>	<i>om oefening te kry</i>	<i>Infinitive</i>

2.1 Martie het vanoggend haar potlood per ongeluk gebreek .

Wie het die potlood gebreek? _____

Wanneer het sy die potlood gebreek? _____

Wat het sy gebreek? _____

Op watter wyse het sy dit gebreek? _____

Wat is die aksie? _____

2.2 Die krieketbal word sonder moeite deur die seun geslaan.

Wie het die krieketbal geslaan? _____

Wat het die seun geslaan? _____

Op watter wyse is die krieketbal geslaan? _____

Wat is die aksie? _____

Woordorde

2.3 Verlede week het Juffrou Steyn die hele klas gevra om te help by die kermis.

Wie het die hele klas gevra?

Wie het Juffrou Steyn gevra?

Wanneer het Juffrou Steyn gevra?

Wat is die aksie?

Wat het sy die hele klas gevra?

2.4 Ons kat dra gereeld 'n dooi voël in die huis in.

Wie dra 'n dooi voël in die huis in?

Wat word gereeld in die huis ingedra?

Wat is die aksie?

Wanneer word die dooie voël in die huis ingedra?

Waar word die dooi voël heen gedra?

2.5 Elmien en haar vriendinne word deur Pieter na sy huis genooi om sy verjaarsdag te vier.

Wie nooi Elmien en haar vriendinne?

Wie word genooi?

Wat is die aksie?

Waarheen word hulle genooi?

Waarom word hulle genooi?

Woordorde

Vraag 3: *Herskryf die volgende sinne in die korrekte woordorde:*

3.1 [Elma en Tiaan - S] [skryf - v] [mooi - M] [op hulle boeke - P] [hulle name - O].

3.2 [het - v1] [Meneer Kruger - S] [die fluitjie - O] [geblaas - v2] [voor die einde van die wedstryd - T]?

3.3 [ek - S] [sal nie v1] [bel nie - v2] [vanaand - T] [die onderwyser - S]

3.4 [die leeu - S] [het - v1] [stadig - M] [die bok - O] [bekruip - v2] [naby die watergat - P].

3.5 [volgende week - T] [gaan - v1] [ek - O] [kuier - v2] [op die plaas - P].

3.6 [Om myself te verbeter - I], [het - v1] [ek - S] [’n kursus - O] [gevolg - v2] [by die universiteit - P]

Vraag 4: *Skryf die sinne in die regte volgorde deur met die vetgedrukte (bold) woord te begin:*

4.1 [**volgende week**] [Pieter] [sal] [by die biblioteek] [om te lees] [uitneem] [boeke]

4.2 [kook] [lekker] [in die aand] [**Tannie Susan**] [kos] [vir haar gesin]

4.3 [word] [uitgegee] [deur die skeidsregter] [vinnig] [**die kolwer**]

4.4 [het] [gesien] [ek] [**in Johannesburg**] [die mooiste bome]

4.5 [om goed te doen in Wiskunde] [**al die kinders**] [sal] [in die klas] [moet oplet]

MEMO:

S	v1	T	O	M	P	v2	I
(Subject)	(verb1)	(Time)	(Object)	(Manner)	(Place)	(verb2)	(Infinitive)
Onderwerp	werkw1	Tyd	Voorwerp	Wyse	Plek	werkw2	Infinitief

Vraag 1: *Identifiseer die gedeeltes van elke sin, soos gevra:*

1.1 Johan en sy sussie eet elke oggend spek en eiers vir ontbyt.

Onderwerp: **Johan en sy sussie**

Voorwerp: **spek en eiers**

Werkwoord: **eet**

1.2 Gisteraand het ons aandete vir die siek buurman geneem.

Onderwerp: **ons**

Werkwoord 1: **het**

Tyd: **gisteraand**

Voorwerp: **die siek buurman**

Werkwoord 2: **geneem**

1.3 Die luiperd bêre sy prooi hoog in die boom om te keer dat ander diere dit steel.

Onderwerp: **die luiperd**

Werkwoord: **bêre**

Voorwerp: **sy prooi**

Plek: **hoog in die boom**

Infinitief: **om te keer dat ander diere dit steel.**

1.4 Die seun se hare sal môre deur die haarkapper gesny word.

Onderwerp: **die haarkapper**

Werkwoord 1: **sal**

Voorwerp: **die seun se hare**

Tyd: **môre**

Werkwoord 2: **gesny word**

(NOTE: Passive Voice sentences (*sal gesny word*) - Subject and Object changes places)

1.5 Baie mense eet gesond om te verseker dat hulle langer lewe.

Onderwerp: **baie mense**

Werkwoord: **eet**

Wyse: **gesond**

Infinitief: **om te verseker dat hulle langer lewe**

MEMO:

Vraag 2: *Antwoord elke vraag volledig en identifiseer dan die gedeelte van die sin.*

2.1 Martie het vanoggend haar potlood per ongeluk gebreek .

Wie het die potlood gebreek?	Martie	Subject
Wanneer het sy die potlood gebreek?	vanoggend	Time
Wat het sy gebreek?	haar potlood	Object
Op watter wyse het sy dit gebreek?	per ongeluk	Manner
Wat is die aksie?	het gebreek	Verb 1 & 2

2.2 Die krieketbal word sonder moeite deur die seun geslaan.

Wie het die krieketbal geslaan?	die seun	Subject
Wat het die seun geslaan?	die krieketbal	Object
Op watter wyse is die krieketbal geslaan?	sonder moeite	Manner
Wat is die aksie?	word geslaan	Verb 1 & 2

2.3 Verlede week het Juffrou Steyn die hele klas gevra om te help by die kermis.

Wie het die hele klas gevra?	Juffrou Steyn	Subject
Wie het Juffrou Steyn gevra?	die hele klas	Object
Wanneer het Juffrou Steyn gevra?	verlede week	Time
Wat is die aksie?	het gevra	Verb 1 & 2
Wat het sy die hele klas gevra?	om te help by die kermis	Infinitive

2.4 Ons kat dra gereeld 'n dooi voël in die huis in.

Wie dra 'n dooi voël in die huis in?	ons kat	Subject
Wat word gereeld in die huis ingedra?	'n dooie voël	Object
Wat is die aksie?	dra	Verb
Wanneer word die dooie voël in die huis ingedra?	gereeld	Time
Waar word die dooi voël heen gedra?	in die huis in	Place

2.5 Elmien en haar vriendinne word deur Pieter na sy huis genooi om sy verjaarsdag te vier.

Wie nooi Elmien en haar vriendinne?	Pieter	Subject
Wie word genooi?	Elmien en haar vriendinne	Object
Wat is die aksie?	word genooi	Verb 1 & 2
Waarheen word hulle genooi?	na sy huis	Place
Waarom word hulle genooi?	om sy verjaarsdag te vier	Infinitive

MEMO:

Vraag 3: *Herskryf die volgende sinne in die korrekte woordorde:*

3.1 [Elma en Tiaan - S] [skryf - v] [mooi - M] [op hulle boeke - P] [hulle name - O].

Elma en Tiaan skryf hulle name mooi op hulle boeke .

3.2 [Het - v1] [Meneer Kruger - S] [die fluitjie - O] [geblaas - v2] [voor die einde van die wedstryd - T]?

Het Meneer Kruger die fluitjie voor die einde van die wedstryd geblaas?

3.3 [Ek - S] [sal nie v1] [bel nie - v2] [vanaand - T] [die onderwyser - S]

Ek sal nie vanaand die onderwyser bel nie.

3.4 [Die leeu - S] [het - v1] [stadig - M] [die bok - O] [bekruip - v2] [naby die watergat - P].

Die leeu het stadig die bok naby die watergat bekruip.

3.5 [Volgende week - T] [gaan - v1] [ek - O] [kuier - v2] [op die plaas - P].

Volgende week gaan ek op die plaas kuier. OR

Ek gaan volgende week op die plaas kuier.

3.6 [Om myself te verbeter - I], [het - v1] [ek - S] [’n kursus - O] [gevolg - v2] [by die universiteit - P]

Om myself te verbeter, het ek ’n kursus by die universiteit gevolg. OR

Ek het ’n kursus by die universiteit gevolg om myself te verbeter.

Vraag 4: *Skryf die sinne in die regte volgorde deur met die vetgedrukte (bold) woord te begin:*

4.1 [**volgende week**] [Pieter] [sal] [by die biblioteek] [om te lees] [uitneem] [boeke]

Volgende week sal Pieter boeke by die biblioteek uitneem om te lees.

4.2 [kook] [lekker] [in die aand] [**Tannie Susan**] [kos] [vir haar gesin]

Tannie Susan kook in die aand lekker kos vir haar gesin.

4.3 [word] [uitgegee] [deur die skeidsregter] [vinnig] [**die kolwer**]

Die kolwer word vinnig deur die skeidsregter uitgegee.

4.4 [het] [gesien] [ek] [**in Johannesburg**] [die mooiste bome]

In Johannesburg het ek die mooiste bome gesien.

4.5 [om goed te doen in Wiskunde] [**al die kinders**] [sal] [in die klas] [moet oplet]

Al die kinders sal in die klas moet oplet om goed te doen in Wiskunde.